

## DIE EERSTE BRIEF VAN DIE APOSTEL

# JOHANNES

### OPSOMMING

Mense wat “in die lig van Christus wandel”, het ander mense lief en leef oorvloedig. Hulle kan die waarheid van halwe waarhede en blatante bedrog onderskei.

### HOE OM I JOHANNES TE BESTUDEER

Johannes het hierdie brief geskryf om te verduidelik hoe ‘n lid van God se familie lewe. Aangesien daar mense was wat gesukkel het om tussen “lig” en “duisternis” te onderskei, het Johannes duidelik uiteengesit wat van diegene verwag word wat sê dat hulle navolgers van Christus is.

Johannes het sy lesers uitgedaag om nie hul gedrag binne die kerk en hul lewe buite die kerk van mekaar te skei nie. Sommige gelowiges het skynbaar reeds weggedwaal en die eerste treë op die pad van teologiese kettery gegee. Soos in sy Evangelie, het Johannes enersyds Christus se Godheid maar andersyds sy mensheid beklemtoon. Johannes het almal wat Christus verloën het, as “antichriste” bestempel. Omdat dit so maklik is om mislei te word, moet ons alle leringe op die proef stel en enigeen vermy wat Christus se boodskap weerspreek.

Jesus alleen het die wêreld oorwin, en Hy is die enigste Een wat ons in staat stel om ook te oorwin. Johannes het telkens ‘n spesifieke rede geïdentifiseer waarom hy die brief geskryf het. Hy het byvoorbeeld in I Johannes 1:4 gesê hy wou hê die gelowiges se blydschap moes volkome wees. Later het hy gesê hy wou hulle help om nie te sondig nie (sien Johannes 2:1) en hulle daaraan herinner om mekaar lief te hê (sien 2:7, 8). Soortgelyke stellings word dwarsdeur die brief herhaal.

Die skrywer van hierdie brief word nie geïdentifiseer nie. Oor outeurskap en ontstaan van die drie Johannesbriewe is daar ‘n tradisionele en meer onlangse standpunt. Eers die tradisionele standpunt. Daar is verskeie aanduidings dat die menslike skrywer die apostel Johannes kon wees. Eerstens het die tweede-eeuse leiers van die vroeë Kerk geglo dat Johannes die brief geskryf het. Die taalgebruik is ook baie soortgelyk aan dié in die Evangelie van Johannes. Beelde soos “lig” en “die ewige lewe” kom in albei boeke voor. In die brief self word vermeld dat dit deur ‘n ooggetuie van Jesus se lewe en werk geskryf is (sien 1:1–4). Al hierdie elemente dui daarop dat Johannes die skrywer van hierdie brief kon wees.

Johannes het saam met Petrus ‘n belangrike rol gespeel in die stigting en groei van die vroeë Kerk in Jerusalem. Hy was saam met Jesus se ander dissipels in die bovertrek voor Pinkster (sien Handeling 1:13), en hy het die genesing van die kreupel man in die tempelpoort saam met Petrus beleef (sien Handeling 3:1–10). Dit het tot hul inhegtenisneming gelei (sien Handeling 4:1–3), waarna hulle voor die Joodse Raad gedaag is en sterk standpunt ingeneem het vir Christus (sien Handeling 4:13–22).

Die teregstelling van Johannes se broer, Jakobus, was deel van die gewelddadige onderdrukking van die Kerk (sien Handeling 12:1, 2). Namate die vervolging vererger het en die dissipels deur Palestina verstrooi is, het die kerkleiers Petrus en Johannes na Samaria gestuur om die

### HOOGTEPUNTE IN DIE BOEK

Johannes praat uit eerstehandse ondervinding (1:1)  
Christene behoort Jesus na te volg (4:2, 3)

gelowiges daar te gaan ondersteun (sien Handeling 8:14, 15). Dit is die laaste keer dat ons van Johannes lees in Handeling, maar volgens Paulus het hy Johannes en die ander leiers ontmoet kort nadat hy tot bekering gekom het (sien Galásiërs 2:8, 9).

Volgens die kerktRADISIE het Johannes uiteindelik die gemeente in Efeze gelei voordat hy vervolg en na die eiland Patmos verban is. Hy het waarskynlik sy Evangelie gedurende sy bedieningsjare in Efeze geskryf. Die drie briewe wat sy naam dra, met inbegrip van I Johannes, is waarskynlik ook tydens daardie tyd in Efeze geskryf. Openbaring is later geskryf terwyl Johannes in ballingskap was op die eiland Patmos. Geleerdes meen dat Johannes teen die einde van die eerste eeu aan natuurlike oorsake oorlede is – die enigste apostel wat nie geroep is om as martelaar vir Christus te sterf nie.

Onlangse navorsing skets ‘n meer komplekse situasie rakende die skrywer en ontstaan van die drie Johannesbriewe sowel as die Evangelie van Johannes. (Vir laasgenoemde, sien “Hoe om Johannes te bestudeer”!) Wat volg, is ‘n kort weergawe van die resente standpunt, en behandel die drie Johannesbriewe gesamentlik.

Twee en III Johannes is in dieselfde briefformaat geskryf, en in al twee word “die ouderling” as die skrywer aangedui. Een Johannes is nie in ‘n briefformaat geskrywe nie, en kan eerder ‘n bemoedigende skrywe of selfs preek genoem word. By I Johannes is daar ook geen aanduiding van wie die skrywer is nie, maar die groot ooreenkomste tussen die inhoud van I Johannes en II–III Johannes laat vermoed dat dit ook deur die ouderling wat in II en III Johannes genoem word, geskryf is. By “Hoe om die Johannesevangelie te bestudeer” is daarop gewys dat dié Evangelie waarskynlik tot stand gekom het binne ‘n groep gemeentes wat geleerdes vandag die Johannese gemeenskap noem, en dat die liefingdissipel ‘n groot rol in die totstandkoming van dié gemeenskap gespeel het. Die krisissituasie wat gegeld het met die ontstaan van die Evangelie, was dat daar konflik was tussen die Johannese gemeenskap en die Jode. Laasgenoemde wou nie aanvaar dat Jesus die Christus en die Seun van God is nie, en daarom word hierdie sake baie sterk in die Johannesevangelie beklemtoon.

Na alle waarskynlikheid het die drie Johannesbriewe binne dieselfde groep gemeentes ontstaan, maar ‘n klompie jare later, ongeveer 90–100 n.C. Dié drie briewe gee vir ons ‘n kykie op ‘n nuwe konflik in die Johannese gemeenskap.

Toe het dit nie meer gegaan oor die vraag of Jesus werklik die Seun van God was nie, maar oor die vraag of Hy ten volle mens was terwyl Hy op aarde was. Daar was oënskynlik mense in die Johannese gemeenskap wat geglo het dat Jesus nie werklik 'n mens van vlees en bloed was nie, maar net die voorkoms van 'n mens gehad het toe Hy op aarde was. Dié dwaling word doketisme (ook dosetisme) genoem. Die konflik hieroor het so erg geraak dat daar uiteindelik 'n gemeenteskeuring binne die Johannese gemeenskap plaasgevind het en 'n groep van die gemeentelede weggebreek het.

En Johannes is geskryf aan die groep gelowiges wat aan die waarheid getrou gebly het en die brief is as 'n bemoediging aan hulle bedoel: Dit wat hulle glo, is die waarheid en hulle moet aanhou om dit te glo. Twee Johannes is geskryf aan een spesifieke gemeente wat deel gevorm het van die Johannese gemeenskap en wat ook by die waarheid gebly het. Die gemeentelede word aangemoedig om mekaar lief te hê en te volhard in die waarheid oor Christus. Drie Johannes is spesifiek aan Gajus geskryf. Hy was 'n lidmaat van een van die ander gemeentes in die Johannese gemeenskap. Die geestelike leier van hierdie gemeente was Diotrefes, en hy het gelowiges uit die Johannese gemeenskap wat uitgestuur is om te gaan sendingwerk doen, toegang tot sy

gemeente geweier, terwyl Gajus hulle wel ontvang het. Die ouderling skryf dus die brief aan Gajus om hom te bedank en vra hom om die mense wat die brief afgelewer het, te ondersteun. Die ouderling sê ook dat hy self op pad is na Gajus en dan persoonlik met hom sal praat. Presies wie die ouderling is wat die skrywer van die drie briewe is, is onduidelik. Soos in die tradisionele siening genoem, is in die verlede aanvaar dat hy Johannes die apostel, die seun van Sebedeus en broer van Jakobus was, maar hierdie standpunt word nie meer wyd aanvaar nie. Wat wel met sekerheid gesê kan word, is dat hy 'n belangrike leiersfiguur binne die Johannese gemeenskap was.

Hoewel I Johannes nie die tipiese antieke briefvorm het nie en eerder soos 'n preek klink, het die skrywer duidelik 'n spesifieke gehoor in gedagte gehad en dwarsdeur die skrywe sy opregte liefde en besorgdheid teenoor sy "liewe kinders" uitgespreek. Ons praat dus normaalweg van die eerste brief van Johannes. Daarbenewens het Johannes sekere begrippe herhaal om die hoofboodskap van die brief te beklemtoon. Sy aanbieding was eenvoudig en daarop gemik om sy gehoor daaraan te herinner dat gelowiges anders moet lewe as die wêreld om hulle. Die evangelie bly die maatstaf waaraan alle lering gemeet moet word.

### Die Woord het in die vlees verskyn.

**1** WAT van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe — <sup>2</sup> en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is — <sup>3</sup> wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. <sup>4</sup> En ons skrywe hierdie dinge aan julle,<sup>4</sup> sodat julle blydschap volkome kan wees.

### God is lig. Hy wat in die lig nie wandel nie, het geen gemeenskap met Hom nie.

<sup>5</sup> EN dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.

**1:1–4 die Woord van die lewe.** Hierdie verse beklemtoon die apostels se persoonlike ondervinding van die vleesgeworde Woord. Jesus Christus se nagedagtenis was in Johannes se geheue ingeëts terwyl hy aan die drie en 'n half jaar teruggedink het wat hy en die ander dissipels saam met die Here deurgebring het. Nou wou hy seker maak dat die kerke in sy sorg ook met die opgestane Here en die ander dissipels gemeenskap kon hou.

**1:2 die lewe is geopenbaar.** Die lewe was nie verborge of in duisternis gehul sodat min mense, indien enigiemand, dit kon ontdek nie. Inteendeel, dit is openlik bekendgemaak en het uit God die Vader gespruit. God het waarheid omtrent Homself in die natuur en deur die profete van ouds bekendgestel, maar die openbaring in sy Seun (sien Hebreërs 1:1–2) is God se voortrefflikste en duidelikste openbaring van Homself.

**1:3 gemeenskap ... kan hê.** Hierdie woord impliseer nie net 'n positiewe verhouding tussen mense nie, maar ook betrokkenheid by 'n gemeenskaplike belangstelling of doelwit.

**1:5 God is lig.** Dit is deel van God se aard, sy wese, net soos Hy Gees (sien Johannes 4:24) en liefde is (sien I Johannes 4:8). "Lig" verwys na God se morele karakter. **geen duisternis is in Hom nie.**

<sup>6</sup> As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

<sup>7</sup> Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

### Die belydenis van sonde en die vergifnis.

<sup>8</sup> AS ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

<sup>9</sup> As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig.

<sup>10</sup> As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

**1:4** <sup>a</sup> NU-tekste laat *aan julle* weg en vervang die tweede *julle* met *ons*.

God is heilig, onaangetas deur enige boosheid of sonde. Omdat God lig is, moet diegene wat met Hom gemeenskap wil hou, ook rein wees.

**1:6 met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel.** Om in duisternis te wandel, beteken om 'n sondige lewe te lei wat teen God se morele karakter indruis. Ons leef 'n leuen as ons gemeenskap met God wil hou, maar nie moreel onbesproke lewe of in die waarheid wandel nie, want God kan nie teen sy heilige aard optree deur sy oë te sluit vir sonde nie.

**1:8–9 As ons ... bely.** Om iets te bely, beteken om met God saam te stem; om te erken dat ons sondaars is wat sy genade nodig het. As 'n sondaar sy of haar spesifieke sondes aan God bely, sal Hy hom of haar van alle ongeregtheid reinig. Vergifnis en reiniging is gewaarborg, want God kom altyd sy beloftes na. Daardie beloftes is geldig omdat God regverdig is. God kan tegelyk getrou bly aan sy volmaakte karakter én ons vergewe danksy Jesus, sy eie Seun, se offer wat volmaak is en vryspreek (sien I Johannes 2:2).

**1:10 is sy woord nie in ons nie.** Diegene wat ontken dat hulle gesondig het, se lewens word nie deur die Woord van God verander nie.

## Johannes praat uit eerstehandse ondervinding

## BESTUDEER DIE BOEK

### I Johannes 1:1

Jy vertrou waarskynlik dinge wat jy met jou eie sintuie waarneem. Jy weet wat jou oë sien. Jy onthou wat jou ore gehoor het. Jy glo wat jou vingers voel.

In teenstelling met sy Evangelie, wat Johannes met 'n geestelike en teologiese stelling van die waarheid oor Jesus as "die Woord" ingelui het (sien Johannes 1:1–18), het hy hierdie eerste brief met 'n beroep op die sintuie geopen. Hy en die ander dissipels het gewete wie Jesus was en wat Hy gedoen het omdat hulle daar was. Johannes het nie op tweedehandse verslae staatgemaak nie. Hy het vertel wat hy self gesien en gehoor en gevoel het.

Johannes se gehoor het met talle probleme te kampe gehad in hul plaaslike kerk. Vals leraars het oral ingesluip en die gelowiges verwar. Johannes het die verwarring met behulp van die waarheid uit die weg geruim – nie in 'n teoretiese sin nie, maar op grond van wat hulle gesien het en wat aan hulle geopenbaar is (sien I Johannes 1:2). Sy teenstanders kon nie op dieselfde geloofwaardigheid aanspraak maak nie. Johannes se lesers kon sy getuïenis

aanvaar omdat hy saam met die Woord self, Jesus Christus, gewandel het.

## VERDERE INSIG

Johannes was nie die enigste dissipel wat na sy persoonlike belewenis van Christus as 'n grondslag vir geloof verwys het nie. Petrus het homself bestempel as 'n aanskouer van Jesus se majesteit op die Berg van verheerliking (sien II Petrus 1:16–18). Die feit dat hy Jesus se heerlikheid gesien en die stem van die Vader gehoor het, het die "profetiese woord" van die evangelie wat Petrus verkondig het, bevestig (sien II Petrus 1:19). Ook Paulus het die leringe van vals profete aan die kaak gestel deur die mense van Galiléa aan Jesus se persoonlike openbaring aan hom te herinner – nie net op die pad na Damaskus nie, maar ook tydens sy opleiding en voorbereiding wat daarop gevolg het (sien Galásiërs 1:11–17).

volgende: I Johannes 4:2, 3

**2** MY kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.

<sup>2</sup> En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir *dié* van die hele wêreld.

### Onderhouding van die gebooe. Broederliefde. Verloëning van die wêreld.

<sup>3</sup> EN hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooe bewaar.

<sup>4</sup> Hy wat sê: Ek ken Hom — en sy gebooe nie bewaar nie — is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

<sup>5</sup> Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.

<sup>6</sup> Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.

<sup>7</sup> Broeders,<sup>a</sup> dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle van die begin af<sup>b</sup> gehoor het.

<sup>8</sup> En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds.

<sup>9</sup> Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.

<sup>10</sup> Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie.

<sup>11</sup> Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.

**2:7** <sup>a</sup> NU-teks lui *Geliefdes*. <sup>b</sup> NU-teks laat van die begin af uit.

**2:1 My kinders ... dat julle nie moet sondig nie.** Johannes se stellings oor sonde (sien I Johannes 1:8–10) was daarop gemik om gelowiges bewys te maak van die immerteenwoordige gevaar van sonde en om hulle daarteen te waarsku. In die Griekse taal het die "as" voor "iemand gesondig het" die bykomende betekenis van "en die veronderstelling is dat ons almal sondig". Hierdie stelling is egter nie 'n gelate aanvaarding van ons status as sondaars en daarom 'n aanmoediging om te sondig nie, maar 'n waarskuwing aan alle Christene om teen sondige neigings te waak.

**2:2 'n versoening.** Hierdie daad behels dat God in sy genade alle skuld afskryf deur sy vergifnis. In die Griekse Ou Testament het die term vir "versoening" verwys na die versoendeksel van die ark in die tabernakel waarop die hoëpriester die bloed van die Israeliete se offers geplaa het (sien Exodus 25:17–22). Hierdie praktyk dui daarop dat God se geregtigde toorn versoening genoodsaak het. Daarom het God sy eie Seun gestuur, sodat Jesus se soenoffer aan die kruis kon voldoen aan God se toorn oor die sonde. Vanweë ons sondes was Jesus genoodsaak om die lyding aan die kruis te verduur, maar God het sy liefde en geregtigheid bewys deur sy eie Seun as offer te stuur. Christus se soendood spruit dus voort uit die liefdeshart van God wat mense liefhet, maar die sonde haat.

**2:3 dat ons Hom ken.** Die Nuwe Testament verwys in meer as een

sin na kennis van God. Elkeen wat op God vertrou, ken Hom (sien Johannes 17:3), in die sin dat hulle Hom ontmoet het. Diegene wat die Here reeds ontmoet het, kan Hom ook meer intiem leer ken (sien Filippense 3:10). Johannes verwys in hierdie vers na 'n intieme kennis van God.

**2:6 in Hom bly.** Om in God te bly, moet ons in gehoorsaamheid aan Hom lewe. Dit beteken om in Hom tot rus te kom of in Hom te rus, en om Christus se voorbeeld na te volg. **behoort self ook so te wandel.** Die vermaning om Jesus se gebooe na te kom, dui daarop dat ons aan sy beeld gelyk moet word. Christene, as kinders van God, moet Hom gehoorsaam uit 'n opregte begeerte om dit te doen. Dit behoort vir ons 'n vreugde te wees om in die Een wat vir ons gesterf het, se voetspore te volg.

**2:8 'n nuwe gebod.** Dit verwys na liefde (sien vers 10). Johannes herhaal moontlik bloot Christus se uitspraak in Johannes 13:34. Die liefdesgebod het in die volle sin van die woord opreg en volledig in Christus se lewe tot uitdrukking gekom. Hy het gedemonstreer wat ware liefde is deur na ons wêreld toe te kom en sy lewe vir ons af te lê.

**2:11 hy wat sy broeder haat.** Om iemand anders te haat, is in stryd met Christus se gebod van naasteliefde. Die gedagte dat Christene hul naaste kan haat, maar op gemeenskap met God

## LYDING / ARTIKEL 1

## ONS LY OM DRIE REDES I JOHANNES 1:5

Die vraag wat by enigiemand spook wat self swaarkry, of die lyding van 'n geliefde moet aanskou, is seker: "Hoe kan ek hierdie lyding beëindig?"

Agter elke "Hoekom?" is daar 'n "Hoe?" Verskillende redes vir lyding vereis verskillende oplossings, daarom moet ons met die "Hoekom?" begin om God se "Hoe?" te ontdek.

Die Bybel leer ons dat daar een van drie moontlike redes kan wees waarom iemand ly:

- *Die persoon het gesondig.* Adam en Eva het hul lewens verwoes deur God se uitdruklike verbod te oortree (sien Génesis 3:16–19). En iemand wat tweedrag saai (een van die sewe dinge wat God haat volgens Spreuke 6:19), sal die wrang vrugte daarvan vir hom-/haarself pluk. Dis gewis en seker. Maar weet ook dat daar nie altyd 'n direkte oorsaaklike verband is tussen lyding en persoonlike sonde nie (sien Lukas 13:1–5; Johannes 9:2–3). Dus, as daar 'n voor die hand liggende sonde is waarom jy ly, bely dit en vermy dit in die toekoms. Maar moenie jousef teister om na moontlike sondes in jou lewe te soek wat die oorsaak van jou lyding sou wees, as daar nie is nie.

- *Iemand anders het gesondig.* Tamar is nie net deur haar halfbroer bedrieg nie, maar ook verkrag (sien II Samuel 13). Hoewel die halfbroer geweldige lyding veroorsaak het, ontdek 'n mens die wortel van die kwaad as jy dieper kyk – soos so dikwels die geval is. In dié geval het Amnon en Tamar se beroemde pa, Dawid, met ses vroue op 'n streep getrou en minstens een kind by elkeen verwek (sien II Samuel 3:2–5). Hy het ook later 'n buite-egtelike verhouding met 'n ander man se vrou aangeknop en met haar getrou (sien II Samuel 11). Dawid se sondes het dus 'n toksiese gesinsomgewing geskep waarbinne Tamar gely het. So kan dit ook wees dat kinders ly vanweë swak huislike omstandighede, veroorsaak deur die ouers se toedoen; byvoorbeeld, 'n pa wat drink en sy vrou en kinders mishandel. Maar 'n mens hoef ook nie die permanente slagoffer van swak omstandighede te wees nie; jy kan met eie insig, ander se hulp, en die krag wat God gee, jou situasie te bowe kom. Verder, 'n mens kan ook in die gewoonte verval om agter ander se sondes te skuil as jyself die oorsaak van jou lyding is. Soek die fout dus altyd eerste by jousef.

- *Ons leef in 'n gebroke wêreld waar sowel God se volgelinge as diegene wat Hom nie ken nie, deur dieselfde*

*gebeurtenisse geraak word.* Dit sny na twee kante toe. Die positiewe: Jesus het gesê God laat reën oor regverdige én onregverdige (sien Matthéüs 5:45). Ons deel almal in God se goeie gawes. Die negatiewe: Adam en Eva se sonde, en die sonde van elke mens sedertdien, het bygedra tot 'n verdorwe aarde wat God nie behaag nie en mense in gevaar stel (sien Génesis 3:17). So is daar natuurrampe, siektes en ander ellendes waarvoor ons nie beheer het nie en waaronder ons almal ly, of jy nou gelowig of ongelowig is. Die gelowige moet dus weet dat om reg te lewe geen waarborg is dat dit altyd goed sal gaan met ons nie. Slegte dinge gebeur met goeie mense. Die Bybel is vol daarvan. Lees byvoorbeeld van die Psalmis se wroeging oor die onregverdigheid van die lewe (sien Psalm 73), en van al Paulus se ontberings wat hy op die lyf geloop het in die verkondiging van die evangelie (sien 1 Korinthiërs 4:11–13; 2 Korinthiërs 11:24–12:10).

Ten spyte van al hierdie lyding is daar egter 'n dieper waarheid: God is goed vir sy skepsels:

- "Dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie" (I Joh. 1:5).

- "Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie" (Jak. 1:13).

- "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader ... by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie" (Jak. 1:17).

Wanneer jy dus swaarkry, moenie vra "Here, waarom het U dit aan my gedoen?" of "Waarom het U dit toegelaat?" nie. God is nie die bewerk van lyding nie. Soek eerder die ware rede: jou eie wangedrag, of iemand anders se wangedrag, of die gebrokenheid van die wêreld.

En vra God dan om hulp. As die Gewer van elke volmaakte gawe, sal Hy vir jou die nodige krag en strategieë gee om jou deur die lyding te dra. God se goeie gawes is die insigte, die oplossings en die selfbeheersing om weer reg te begin ootree. God is ons Helper in hierdie gebroke wêreld. Hy is die Een wat uit die grootste ellende weer nuwe omstandighede na vore kan laat tree wat ons kan hanteer en wat nuwe lewe moontlik maak (sien Romeine 8:28). Hy belowe immers dat ons nie bo ons kragte versoek sal word nie (sien 1 Korinthiërs 10:13).

volgende: Psalm 22

<sup>12</sup> Ek skryf aan julle, *my* kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil.

<sup>13</sup> Ek skryf aan julle, *vaders*, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, *jongmanne*, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, *kinders*, omdat julle die Vader ken.

<sup>14</sup> Ek het aan julle geskrywe, *vaders*, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, *jongmanne*, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.

<sup>15</sup> Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde

aanspraak maak, getuig van die algehele duisternis wat sulke mense vir die waarheid verblind.

**2:15 Moenie die wêreld liefhê ... nie.** Hierdie woorde kan geparafraseer word as: "Hou op om die wêreld lief te hê." Johannes se lesers het strydig met hul verhouding met Christus opgetree.

"Wêreld" verwys hier na die moreel verdorwe stelsel wat teen alles indruis wat God is en vir Hom belangrik is. In hierdie sin is die "wêreld" die stelsel wat die Satan gebruik om Christus se koninkryk hier op aarde te opponeer (sien I Johannes 2:16; 3:1; 4:4; 5:19; Johannes 12:31; Efesiërs 6:11–12; Jakobus 4:4).

## Christene behoort Jesus na te volg

## BESTUDEER DIE BOEK

## I Johannes 4:2, 3

Johannes het sy lesers geleer om 'n eenvoudige toets te gebruik om tussen die waarheid (God se Gees) en die leuen (goedkoop namaaksels) te onderskei. 'n Gees (mens) wat sê Jesus het letterlik in die vlees aarde toe gekom (met inbegrip van die waarheid van sy dood en opstanding), kom van God. As 'n gees (mens) egter Jesus se ware mensheid en sy rol as Messías ontken, kom daardie gees van die wêreld.

Die waarheid is nie bloot 'n kwessie van mooi woorde of 'n intellektuele oefening nie. Ware onderrig moet ons leer hoe om te lewe. Weerspieël 'n spesifieke daad Jesus se gedrag of gesindheid? Is dit tot God se eer?

Die waarheid kan nie van Jesus se Persoon en sy lewe geskei word nie. Hy is die waarheid (sien Johannes 14:6). Om die waarheid te ken, beteken om in die waarheid te wandel – om soos Jesus te probeer lewe.

As jy wonder of die stem wat jy hoor, van God af kom of nie, hoef jy net te vra wat dit oor Jesus sê. Dit is die sleutel.

## VERDERE INSIG

Teen die tyd dat Johannes hierdie brief geskryf het, het van die ontvangers van die brief moontlik reeds afvallig geraak en 'n vroeë vorm van die Gnostiek aangehang. Die Gnostici was 'n groep wie se aanhang in die kerk veral gedurende die laat eerste eeu gegroei het, maar hulle kon moontlik al in Johannes se tyd bedrywig gewees het. Die naam is afgelei van die Griekse woord vir "kennis" (*gnosis*), aangesien hulle aanspraak gemaak het op spesiale insigte in dieper waarhede wat 'n mens bekwaam maak vir 'n ware verhouding met God. Die Gnostiek het ook Christus se Godheid oorbeklemtoon en sy mensheid onderbeklemtoon, aangesien hulle geglo het dat alle materiële dinge boos is en alle geestelike dinge goed. Dit verklaar waarom Johannes se toets spesifiek op Jesus se vleeswording betrekking gehad het.

vorige: I Johannes 1:1

van die Vader nie in hom nie.

<sup>16</sup>Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

<sup>17</sup>En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

**Die antichriste.**

<sup>18</sup>KINDERS, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die<sup>a</sup> Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

<sup>19</sup>Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.

<sup>20</sup>En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.<sup>a</sup>

<sup>21</sup>Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.

<sup>22</sup>Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.

<sup>23</sup>Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

<sup>24</sup>Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

<sup>25</sup>En dit is die belofte wat Hy ons beloof het, *naamlik* die ewige lewe.

<sup>26</sup>Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei.

<sup>27</sup>En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

**2:18** <sup>a</sup> NU-teks laat *die* uit. Vertaal dus 'n *Antichris*.

**2:20** <sup>a</sup> NU-teks vervang *weet alles* met *julle almal weet dit*.

**2:16 begeerlikheid van die vlees ... begeerlikheid van die oë ...**

**grootsheid van die lewe.** Die wêreld word deur drie begeertes uitgebeeld, wat volgens sommige uitleggers ooreenstem met die drie maniere waarop Eva in die Tuin van Eden versoek is (sien Génesis 3:6), of die drie maniere waarop Jesus versoek is (sien Lukas 4:1–2). Die ooreenkomste is egter nie duidelik genoeg om honderd persent seker te wees dat Johannes na een van dié gevalle verwys het nie. Hy het waarskynlik bloot 'n lysie opgenoem van die verskillende maniere waarop gelowiges van 'n liefdevolle God weggelok kan word. Die "begeerlikheid van die vlees" verwys na seksuele sondes. Die "begeerlikheid van die oë" verwys na hebsug of materialisme. Die "grootsheid van die lewe" verwys na mense wat hoogmoedig is oor hul aansien in die wêreld.

**2:17 gaan verby.** Johannes beklemtoon die kortstondigheid van die lewe. Beheptheid met die aardse lewe lei daartoe dat 'n mens onvoorbereid sal wees op die lewe hierna.

**2:18 antichriste.** Hierdie woord is 'n samestelling van twee Griekse woorde: *anti*, wat "in plaas van" of "teen" beteken, en *christos*, wat "die gesalfde" beteken. "Antichriste" verwys dus na

mense wat Christus se plek probeer inneem en Hom teenstaan. Waarskynlik verwys Johannes hier na voormalige lede van die Johannese gemeenskap wat hulle intussen afgeskei het (sien vers 19), en hy verbind hulle met die eindtydelike boosheid en weerstand teen die evangelie. (Vir die begrip "Johannese gemeenskap", sien "Hoe om I Johannes te bestudeer" aan die begin van die eerste Johannesbrief.)

**2:20 salwing.** Dit is óf 'n verwysing na die Heilige Gees óf na die Woord. Hierdie salwing beskerm gelowiges teen die vals leraars. Die ware Gesalfde, Jesus, het ook gesalfde verteenwoordigers. Een van die belangrikste dwaalleringe waarmee die eerste-eeuse Kerk te kampe gehad het, was die Gnostiek. Die Gnostici het aanspraak gemaak op geheime kennis van die waarheid wat tot verlossing lei. Johannes het dié leer weerlê deur te sê dat alle gelowiges die waarheid ken.

**2:22–23 ontken dat Jesus die Christus is.** In Johannes se briewe kom ontkenning van Jesus se vleeswording neer op ontkenning van sy status as Gesalfde. 'n Mens kan nie God aanbid, maar ontken dat Jesus volwaardig God én volwaardig mens was nie.

<sup>28</sup> En nou, *my* kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer<sup>a</sup> Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

<sup>29</sup> As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.

### Die kinders van God.

**3** KYK wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!<sup>c</sup> Om hierdie rede ken die wêreld ons<sup>b</sup> nie, omdat dit Hom nie geken het nie.

<sup>2</sup> Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

<sup>3</sup> En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.

<sup>4</sup> Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

<sup>5</sup> En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.

<sup>6</sup> Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.

<sup>7</sup> My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.

<sup>8</sup> Hy wat die sonde doen, is uit die duivel, want die duivel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duivel te verbreek.

<sup>9</sup> Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

<sup>10</sup> Hierin is die kinders van God en die kinders van die duivel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.

<sup>11</sup> Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê;

<sup>12</sup> nie soos Kain wat uit die Bese was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.

<sup>13</sup> Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie.

<sup>14</sup> Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder<sup>d</sup> nie liefhet nie, bly in die dood.

<sup>15</sup> Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

<sup>16</sup> Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.

<sup>17</sup> Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?

<sup>18</sup> My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.

<sup>19</sup> En hieraan weet ons<sup>e</sup> dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel,

**2:28** <sup>a</sup> NU-tekste lui *as*. **3:1** <sup>a</sup> NU-tekste voeg *En ons is by*.  
<sup>b</sup> Meerderheidstekste lui *julle*. **3:14** <sup>a</sup> NU-tekste laat sy broeder uit. **3:19** <sup>a</sup> NU-tekste lui *sal ons weet*.

**2:28** *nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie*. Almal wat nie 'n lewe van gehoorsaamheid geleë het nie, sal beskaamd staan wanneer Jesus terugkeer aarde toe.

**3:1** *wat 'n groot liefde*. Johannes staan verstom oor God se liefde, maar dit is nóg meer verbysterend en ongelooflik dat God sy liefde aan mense bewys en Christene as sy kinders aanneem.

**3:2** *Ons word deel van 'n nuwe familie* – Een van die groot voordele van Christenskap is dat ons deel word van Christus se familie. Die Bybel verwys na hierdie proses as wedergeboorte (sien Johannes 3:3). Wanneer 'n mens bely dat Christus jou Verlosser is, word jy weer gebore in 'n nuwe, geestelike familieverhouding met God (sien Galásiërs 3:26). God word jou Vader (sien Efésiërs 4:6) en al jou mede-Christene word jou broers en susters (sien Hebreërs 3:1). God neem ons ook aan wanneer ons sy kinders word (sien Efésiërs 1:5). Hierdie beeld dui op 'n dramatiese statusverandering van slaaf na kind (sien Galásiërs 4:1–5). Jy is nie meer 'n slaaf wat 'n meester moet dien nie, maar word vrygestel en geniet al die regte en voorregte van 'n kind. Een van hierdie voordele is die reg om God "Abba" te noem (sien Romeine 8:15) – die alledaagse Aramese woord wat Joodse kinders in Jesus se tyd vir hul aardse pa's gebruik het. 'n Innige verhouding met God is inderdaad moontlik wanneer ons deel word van God se familie. Soos in enige familie, bring dit egter ook verantwoordelikhede mee. As Christene moet ons ons nuwe familie se karakter vertoon en in geestelike volwassenheid groei.

**3:3** *elkeen wat hierdie hoop op Hom het*. Die wete dat Christus moreel rein is, help ons om met nóg meer ywer na reinheid te strew. Uiteraard kan ons dit net doen omdat ons gereinig is deur die bloed van Christus.

**3:4** *wat die sonde doen*. Hierdie vers verwys nie na sporadiese sonde nie, maar na 'n hardnekkige leefwyse van sonde. **wetteloosheid**. Dit beteken aktiewe opstand teen die wet.

**3:5–6** *Elkeen wat in Hom bly, sondig nie*. Hardnekkige sonde is 'n teken dat iemand nie gemeenskap met Christus het nie. As ons

dus daarop aanspraak maak dat ons Christene is, maar voortgaan om 'n sondige lewe te lei, plaas dit 'n groot vraagteken agter ons status as kinders van God.

**3:8** *om die werke van die duivel te verbreek*. Mense wat hardnekkig in sonde voortleef, is van die duivel in die sin dat hulle die duivel se werk doen (sien I Johannes 2:19). Johannes sê dus dat dit vir gelowiges moontlik is om dinge te doen wat van die duivel kom (sien Markus 8:31–33; Jakobus 3:6).

**3:9** *doen geen sonde nie*. Vir iemand wat God se saad in hom/haar het, wat uit God gebore is, is sonde 'n onmoontlikheid (**kan nie sondig nie**). Nie omdat Christene in sigself skielik prakties sondelose wesens word nie, maar omdat hulle 'n nuwe status bekom het, naamlik kinders van God. Hierdie status is so deurslaggewend, so oorweldigend, dat, in vergelyking met die wêreld, Christene sondeloos is. So kyk God na sy kinders. Maar Johannes weet ook dat hierdie sondelose status in die praktyk van die lewe gelêf moet word. Daarom is daar groei om ál meer aan Christus gelyk te word, om rein te word soos Hy is (sien vers 3:2–3). Die Christelike lewe is niks anders nie as om ál meer te word wat ons reeds in Christus is.

**3:10** *kinders van die duivel*. Gelowiges wat sondig, openbaar nie hul ware aard as kinders van God nie, maar volg die duivel na.

**3:14** *oorgegaan het uit die dood in die lewe*. Die tyd van die werkwoord "oorgegaan het" dui daarop dat iets wat in die verlede gebeur het, blywende gevolge in die hede het. Johannes sê dus dat Christene, wat in die verlede God se verlossing ontvang het, hierdie verlossing in die hede moet uitleef deur hul medegelowiges lief te hê.

**3:18** *liefhê met woorde of met die tong*. Dit beteken om liefdevolle woorde te sê, maar niks te doen om daardie liefde te betoon nie. Die teenoorgestelde van "liefhê met woorde" is om "met die daad en in waarheid" liefde te bewys.

## LIEFDE / ARTIKEL 5

**ONS HET LIEF, WANT GOD IS LIEFDE  
I JOHANNES 4:7-19**

Liefde vorm die kern van God se wese, en elke aspek van ons verhouding met Hom is deurdrenk van hierdie werklikheid. Johannes het die woord "liefde" talle kere in hierdie kort boek gebruik. En in I Johannes 4:7-19 openbaar hy 'n aantal diepsinnige insigte oor hoe God se liefde ons harte en ons lewens met liefde vul.

*Ons moet God se liefde ken en glo* (sien vers 16). Dit is maklik om liefde as 'n gevoel, 'n emosie, te beskou. Maar God wil hê ons moet die liefde wat Hy vir ons het, leer ken en daarin glo. Ons lees in die Bybel van God se liefde vir sy kinders. Ons moet glo dat daardie liefde ook op ons gerig is. Geloof in God se liefde laat ons toe om dit al hoe dieper te leer ken en ervaar.

*Ons beskik oor die potensiaal vir volmaakte liefde* (sien vers 17, 18). Die liefde wat God aan ons skenk, word slegs vervolmaak deurdat ons dit beoefen. God gee nie vir ons liefde net sodat ons dit soos 'n spons moet opsuig nie. Wanneer God se liefde in ons vervolmaak word, verander dit ons optrede en gee dit ons selfs die moed om ons vrees te oorwin en reg te lewe.

*God het ons eerste liefgehad.* Nog voordat ons gebore is, nog voordat iemand van ons bestaan gewees het, voordat ons selfs ouers, grootouers of voorouers gehad het, het God ons liefgehad. Dit is waar alles begin het. En op grond van God se ewige liefde vir ons, het ons ander lief.

*vorige: I Korinthiërs 13:1-13*

<sup>20</sup> want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles.

<sup>21</sup> Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;

<sup>22</sup> en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooi bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.

**3:20 as ons hart ons veroordeel.** Dit sal gebeur wanneer ons besef dat ons nie aan die maatstaf van liefde voldoen nie en onseker voel wanneer ons tot God nader. Ons gewete mag dalk nie erkenning gee aan die liefdevolle daade wat ons deur die krag van die Heilige Gees verrig het nie, maar God doen dit wel, en Hy is groter as ons hart. Anders as ons gewete, neem God alles in ag, ook Christus se soenoffer ter wille van ons. God het meer deernis en begrip vir ons as wat ons soms vir onself het.

**3:24 Ons het 'n Getuie** – Party van die voordele wat gelowiges geniet, kan net as geestelik of selfs misties beskryf word. Die hele idee dat ons in Christus bly terwyl Hy in ons bly, is een van daardie konsepte. Dit beteken dat Hy heelyd by ons is. God kom en gaan nie in ons lewens nie. Hy knoop 'n lewenslange verhouding met ons aan, want Hy is altyd daar vir ons en in ons. Ons ervaar sy teenwoordigheid hoofsaaklik deur die werk van die Heilige Gees, wie se werk dit is om langs ons te staan, ons te troos en by te staan. Dit gebeur in ons harte en gedagtes en is grootliks onsigbaar. Tog is dit ook een van die belangrikste aspekte van ons daaglikse lewe as Christene. Wanneer ons in Christus bly, voed Hy ons geestelik, net soos 'n wynstok sy lote voed (sien Johannes 15:16).

**4:1 valse profete.** Hierdie mense gehoorsaam bese geeste. Ware profete is mense wat egte openbarings van God ontvang. Vals profete beweer dat hulle openbarings van God ontvang, maar

<sup>23</sup> En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons<sup>22</sup> 'n gebod gegee het.

<sup>24</sup> En hy wat sy gebooi bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gegee het.

**Die valse leraars.**

**4** GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.

<sup>2</sup> Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;

<sup>3</sup> en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie,<sup>4</sup> is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.

<sup>4</sup> Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.

<sup>5</sup> Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.

<sup>6</sup> Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.

**God is liefde. Om God lief te hê en die broeders lief te hê.**

<sup>7</sup> GELIEFDES, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.

<sup>8</sup> Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.

<sup>9</sup> Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.

<sup>10</sup> Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.

<sup>11</sup> Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê.

**3:23** <sup>a</sup> Meerderheidstekes laat ons uit. **4:3** <sup>a</sup> NU-teks vervang *wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie met wat Jesus nie (so) bely nie.*

verkondig in werklikheid dwaalleringe.

**4:2 dat Jesus Christus in die vlees gekom het.** Hierdie toets was skynbaar op die dwaalleraars gemik, wat geglo het dat Christus nie 'n fisieke liggaam gehad het nie. Die toets was ook moontlik op die volgelinge van Cerinthus gemik ('n dwaalleraar wie se naam nie in die Bybel voorkom nie, maar van wie ons uit die kerkvaders se geskryfte weet), wat verkondig het dat Jesus en "die Christus" twee verskillende wesens was, die een fisiek en die ander geestelik. Johannes gebruik deurgaans in hierdie brief die Naam en titel van Jesus Christus saam om die volke eenheid van die Persoon te beklemtoon.

**4:4 hy wat in die wêreld is.** Dit verwys na die duiwel, of die "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 12:31), of die "gees van die dwaling" (I Joh. 4:16).

**4:8 het God nie geken nie.** Kennis van God verwys hier na 'n intieme kennis van God op grond van persoonlike ervaring (sien I Johannes 4:6; 2:3), eerder as bloot inligting omtrent God. Johannes sê nooit dat dié wat ander nie liefhet nie, nie uit God gebore is nie (sien vers 7). Tog is dit onmoontlik om God intiem te ken sonder om ander mense lief te hê, want God is liefde. Enigeen in wie God bly, sal sy karakter weerspieël. As jy sê dat jy God ken, maar nalaat om ander lief te hê, maak jy 'n vals aanspraak (sien I Johannes 1:6).

## GEHOORSAAMHEID / ARTIKEL 5

**DEUR GEHOORSAAMHEID BETOON  
ONS LIEFDE AAN GOD**

I JOHANNES 5:2, 3

'n Mens kan nie altyd kies hoe om "Ek is lief vir jou" te sê nie.

As jy 'n voorskoolse kind het, is dit nie genoeg om bloot vir haar te sê: "Ek is lief vir jou" nie. Dit help nie om vir 'n kind te sê jy is lief vir haar en dan met jou eie dinge aan te gaan nie; sy wil hê jy moet vir haar wys. Lees vir haar 'n boek. Luister na haar storie. Vra haar om jou te help. Speel wegkruipertjie in die tuin. Nou weet jou kind jy is lief vir haar.

Net so kan ons ook nie self besluit hoe ons vir God wil sê: "Ek het U lief" nie. Hy het klaar gekies wat ons moet doen: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy geboois bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy geboois bewaar; en sy geboois is nie swaar nie" (I Joh. 5:2, 3).

Dit help nie om net vir God te sê "Ek het U lief" nie. Dit is nie genoeg om lofliedere te sing nie. Woorde is belangrik, dus is hierdie dinge nodig, maar gehoorsaamheid lê die fondasie wanneer ons ons liefde aan God wil

bewys. Gehoorsaamheid wys dat jy besef God het jou lief. Gehoorsaamheid wys jy vertrou dat sy opdragte 'n liefdesgeskenk aan jou is. Jy demonstreer jou vertroue in sy krag en kennis wanneer jy sy weg bewandel. Jy vertrou jou toekoms aan Hom toe deur Hom vandag te gehoorsaam.

En selfs al voel jy nie juis vol vertroue of onderdanig nie, selfs al haat jy dit as iemand vir jou voorskryf hoe om te leef, span jy jou doelbewus in om te vertrou en gehoorsaam te wees. Onthou wie God is en waarom jy op Hom kan vertrou om jou te lei. Jy staan onder God se gesag; Hy mag besluit wat jy doen en sê.

Dit is vertroue.

En watter beter grondslag kan daar wees vir 'n liefdesverhouding? God het jou vertroue "verdien" deur betroubaar te wees, deur alles te weet – selfs wat die toekoms inhoud – en deur jou op maniere te lei wat jou meer vryheid gun.

Wys dat jy God liefhet deur sy stem te gehoorsaam. Nie deur bloot reëls of regulasies na te kom of na goeie raad te luister nie, maar deur God – elke fase van God soos Hy in sy Woord en deur sy Seun geopenbaar word – na te volg.

origine: Lukas 5:1–11

<sup>12</sup>Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword.

<sup>13</sup>Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.

<sup>14</sup>En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

<sup>15</sup>Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is — God bly in hom, en hy in God.

<sup>16</sup>En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.

<sup>17</sup>Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

<sup>18</sup>Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

<sup>19</sup>Ons het Hom<sup>a</sup> lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

<sup>20</sup>As iemand sê: Ek het God lief — en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy<sup>a</sup> God liefhê wat hy nie gesien het nie?

<sup>21</sup>En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.

**Die geloof in Jesus en die gevolge daarvan.**

**5** ELKEEN wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.

<sup>2</sup>Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy geboois bewaar.

<sup>3</sup>Want dit is die liefde tot God, dat ons sy geboois bewaar; en sy geboois is nie swaar nie.

<sup>4</sup>Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons<sup>a</sup> geloof.

<sup>5</sup>Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

<sup>6</sup>Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid.

**4:19**<sup>a</sup> NU-tekste laat *Hom* uit.

**4:20**<sup>a</sup> NU-tekste lui *kan*

*nie vir* (vraag verander in stellende sin).

**5:4**<sup>a</sup> Meerderheidstekste lui *julle*.

**4:13 dat ons in Hom bly en Hy in ons.** Hierdie wedersydse verhouding verwys na ons gemeenskap met God op grond van ons verlossing. Ons ervaring van die Heilige Gees wat in ons bly, is die bewys dat God in ons is en ons in Hom. In die res van hierdie gedeelte verduidelik Johannes hoe gelowiges kan weet dat die Gees in sy of hul lewe werk.

**4:15 Elkeen wat bely.** Om 'n Christen te wees, moet jy glo dat Jesus die Seun van God is.

**5:1 uit God gebore.** Dit gebeur wanneer ons in Jesus Christus glo of op Hom vertrou. Ware, opregte geloof is die enigste sleutel tot hierdie geestelike geboorte, wat weerspieël word in liefde vir ons medegelowiges wat saam met ons aan God se familie behoort (sien I Johannes 2:3–11).

**5:6 deur die water en die bloed.** Hierdie frase kan op minstens

vier maniere vertolk word: (1) as Jesus se doop en dood; (2) as sy vleeswording; (3) as die water en bloed wat uit sy sy gevloei het aan die kruis; en (4) as die doop van die gelowige en die nagmaal. Dit is moeilik om te kies tussen hierdie interpretasies, want elkeen bevat 'n element van die waarheid. Maar aangesien Johannes baie klem lê op die verlossende aard van Jesus se dood, lyk die derde interpretasie na die mees waarskynlike. Johannes weerlê hiermee ook sieninge wat onder die vals leraars, soos Cerinthus, in omloop was, dat die Gees Jesus tydens sy doop vervul het, maar Hom voor sy dood verlaat het (sien I Johannes 4:2–3). Die Gees is juis die Een wat getuig dat Jesus se dood as 'n plaasvervangende dood verstaan moet word. Hiermee word ook aangesluit by die getuienis van die geliefde dissipel oor wat hy gesien het tydens Jesus se dood (sien Johannes 19:34–35). Daar is verder 'n parallel te trek



<sup>7</sup>Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;

<sup>8</sup>en daar is drie wat getuig op die aarde:<sup>a</sup> die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.

<sup>9</sup>As ons die getuienis van die mense aanneem — die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat<sup>a</sup> Hy aangaande sy Seun getuig het.

<sup>10</sup>Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.

<sup>11</sup>En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.

<sup>12</sup>Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

<sup>13</sup>Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het<sup>a</sup> en kan glo in die Naam van die Seun van God.

<sup>14</sup>En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.

<sup>15</sup>En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

<sup>16</sup>As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee

— vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

<sup>17</sup>Alle ongeregtheid is sonde, en daar is 'n sonde wat nie tot die dood is nie.

<sup>18</sup>Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself,<sup>a</sup> en die Bose het geen vat op hom nie.

<sup>19</sup>Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in *die mag van die Bose* lê.

<sup>20</sup>En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.

<sup>21</sup>My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.

**5:8** <sup>a</sup> NU-tekens en Meerderheidstekens laat die woorde vanaf *in die hemel* (vers 7) tot by *op die aarde* (vers 8) uit. Slegs vier of vyf baie laat manuskripte bevat hierdie woorde in die Grieks. **5:9** <sup>a</sup> NU-tekens lui *God, omdat*. **5:13** <sup>a</sup> NU-tekens laat die res van hierdie vers uit. **5:18** <sup>a</sup> NU-tekens lui *hom*. Die betekenis kan steeds wees *homself*, of dit kan soos volg vertaal word: ... *maar Hy wat uit God gebore is (d.i. die Seun van God), bewaar hom (d.i. die gelowige)*.

tussen die Gees wat getuig, volgens 1 Johannes 5:6, en die geliefde dissipel wat getuig, volgens Johannes 21:24. En van albei word gesê dat hul getuienis waar is.

**5:11 dit is die getuienis.** God se getuienis is dat Hy vir ons die ewige lewe in sy Seun geskenk het. Ons kan nie die ewige lewe verdien nie, maar moet dit as 'n gawe van God ontvang (sien Romeine 6:23).

**5:14–15 volgens sy wil.** Dit is hoe 'n mens moet bid as jy wil verseker dat God jou hoor.

**5:16–17 Daar is 'n sonde tot die dood.** Dit kan na verskeie sondes verwys, byvoorbeeld lastering teen die Heilige Gees, verwerping van Christus as Verlosser, verwerping van Jesus se mensheid of Godheid, 'n spesifieke sonde soos moord (sien I Johannes 3:12, 15), of 'n lewe gekenmerk deur hardnekkige sonde. Moontlik verwys Johannes ook na die dwaalleraars met hul volgelinge wat die Johannese gemeenskap verlaat het om hul eie afwykende siening omtrent Jesus aan te hang. Die gelowiges moet dus nie vir hulle bid nie omdat hulle willens en wetens téén Christus en sy kerk gedraai het en so, volgens destydse opvattinge, 'n onvergeeflike sonde gepleeg het (sien ook Hebreërs 6:4-6). (Vir die begrip

“Johannese gemeenskap”, sien “Hoe om I Johannes te bestudeer” aan die begin van die eerste brief van Johannes.) Watter sonde dit ook al is, dit is skynbaar 'n blatante vergryp teen die heiligheid van die Christelike gemeenskap (sien Handeling 5:1–11; I Korintiërs 5:5; 11:30). Johannes moedig ons dus aan om ons medegelowiges te help wat afdwaal. Ons kan instrumente in God se hand wees om 'n broer of suster wat op 'n dwaalspoor beland het, na die ware gemeenskap terug te bring.

**5:18–20 Ons weet.** Hierdie frase lui drie absolute waarhede in. Die algemene idee van hierdie slotgedeelte is dat 'n innige verhouding met God ons in staat stel om in 'n vyandige wêreld met vertroue te leef, omdat ons weet wat ons aan God en sy Gesalfde, Jesus Christus, het.

**5:21 afgode.** Hierdie term kan na letterlike afgode verwys, na spysoffers wat aan afgode geoffer is, na vals idees wat in stryd is met God se waarheid, of na die leringe van vals leraars. Johannes het pas sy lesers aan die ware God (sien vers 20) herinner, dus is dit gepas dat hy sy brief afsluit met 'n vermaning dat hulle die vals afgode moet vermy.



VERKLAARENDE  
STUDIEBYBEL

SCM  
STRUUK CHRISTIAN MEDIA